

Spore van Krige

Die muur van die geskiedenisklas bewe soos die laaste graad 10-leerder die deur agter hom toeklap.

“Aiden! Stadig, jy wek die dooies op!”

“Dis seker die doel van die vak, juffrou?”

“Die doel is om seker te maak julle weet wie diep spore in die verlede getrap het. Sit klas.”

Daar is ‘n geritsel en geskuif, sommige kyk op hul horlosies en gaap. Dis die laaste periode op ‘n Vrydagmiddag en die Karoowind waai warm by die oop vensters in.

‘n Hand verrys.

“Ja, Aiden?”

“Juffrou het Generaal de la Rey ‘n nommer dertien skoen gedra?”

Ek blaai stadig in my handboek; probeer die strik in hierdie vraag in my brein ontleed. Almal kyk afwagkend na my.

“Die boere was sterk en fris manne, Aiden en de la Rey geen uitsondering nie. Hy mag dalk ‘n nommer dertien skoen gedra het.”

“En President Paul Kruger en die Hollander van Riebeeck en uhm ...,” hy klap sy vingers en kyk vir Jan-Hendrik langs hom, “... daai ou van Bloedrivier ...”.

“Andries Pretorius man, onthou jy?” sê Klara en stamp hom liggies.

“Ja, Pretorius! Juffrou het hulle almal nommer dertiens gedra?”

‘n Paar fronse is merkbaar en ek wonder self waar hierdie gesprek heen lei.

“Dit is heel moontlik. Dis dalk hoekom hulle gemaklike velskoene van leer gedra het.” Ek knik my kop en sein dat hierdie gesprek nou afgehandel is. “Goed, blaai in julle handboeke asseblief na bladsy vyftien en dan merk ons die vrae wat julle as huiswerk gehad het.”

“Juffrou ...”

“Aiden?”

“Ek dra ‘n nommer sewe skoen en dis nou vir my ‘n probleem.”

‘n Paar seuns proes en daar is ‘n geritsel van bladsye wat rondblaai en vinnige kyke in Aiden se rigting. Hul weet hy toets die grense van my geduld op hierdie snikhete dag.

“Trek jou skoene dan uit, Aiden. Of bid vir ander DNA. Maar ons moet regtig nou voortgaan. Ek besef die naweek wink, maar kom ons draf gou deur die huiswerk. Goed, vraag een se antwo-”

“Juffrou ...”

Aiden staan op met sy skoene in sy hand.

“Juffrou, ek wens ek was soos de la Rey en Kruger en Pretorius. Ek glo hulle het elkeen ‘n nommer dertien skoene gedra. Juffrou sê altyd hierdie helde het dié spore in ons geskiedenis getrap. Ek bewonder hierdie ouens, juffrou. En daarom glo ek hulle het massiewe skoene gedra om so diep te trap.”

Aiden sit sy skoolskoene neer en begin ‘n ritme met sy hande klap. “Ek en Jan-Hendrik en Klara het ‘n soort van orkes, juffrou. Noem dit maar ‘n *rap-band*. My oupa het vir my gedigte voorgelees van Koos Doep, Opperman en Marais, juffrou weet, Eugène Marais. Afrikaanse helde.”

Sy handklap word harder en Jan-Hendrik maak diep doef-note met sy mond. “Juffrou hoor hierdie *rap*-lied, dis bitterbessiemooi: Laat my nooit die grond verlaat / Dis te laat, dis te laat te laat / O waar is jy? O waar is jy? / Dit kring om jou, dit kring om my / En laaste lag is Skoppensboer.”

Ek kyk rond – elke kind sit regop en klap hande, ‘n paar fluit.

“Ek gaan ook nog diep spore trap, juffrou. Al is dit met hierdie nommer sewe trappers van my! Juffrou gaan nog my naam onthou. Aiden. Aiden Krige. Dis my spoor.”